Wes-Kaapse Regering

Weskaap Onderwysdepartement
Kurrikulum (VOO)

# REKENINGKUNDE

## GRAAD 12

## HERSIENING 2025

## KWARTAAL 2

# Aktiwiteite

**Kwartaal 2-onderwerpe:**


- **Voorraadwaardasie (Bl 4 -7)**
- **Vaste Bates (Bl 8 - 12)**
- **Vervaardiging (Kosteberekening) (Bl 13- 16)**
- **Versoenings (Bl 17 - 20)**


Hierdie hersieningsprogram is ontwikkel om jou te help met die hersiening van belangrike inhoud en vaardighede wat gedurende die tweede kwartaal onderrig is. Die doel is om jou voor te berei om die kernkonsepte te verstaan. Dit wil jou ook die geleentheid bied om die verwagte standaard en toepassing van kennis te verkry wat nodig is om sukses in die NSS-eksamen te behaal.

# STUDIEWENKE VIR REKENINGKUNDE

1. BEHEER self jou leertyd. BEPLAN wanneer jy jou skoolwerk moet doen en wanneer jou huistake.
2. ELKE minuut is belangrik. BENUT leertye by die skool en by die huis.
3. Help ander klasmaats waar jy kan met hul **skoolwerk** en motiveer mekaar om die beste van elke oomblik te maak.
4. Hou by 'n ROETINE! Dit sal jou help om 'rustig' te raak en op jou skoolwerk te fokus.
5. Stel 'n STUDIEROOSTER op en hou daarby. Dit help om studietyd aan AL jou vakke toe te ken.
6. ORGANISEER jou leerspasie om 'in-beheer' te wees. Jy kan dan beter konsentreer op leerwerk.
7. **KEN die formate of uitleg van die volgende:** *(vir die onderwerpe in hierdie gids)*
   - Gr 11 Koste-grootboekrekeninge - dit help met die kosteberekeninge
   - Produksiekostestaat
   - Algemene Grootboekrekeninge, bv. Bateverkope, Bank, Debiteure- & Krediteurekontrole, ens.
   - Bankversoeningstaat
8. **VERSTAAN en KEN:**
   - Basiese Rekeningkundige begrippe, bv. inkomste, uitgawes, bates, laste, ens.
   - B-E-L-reëls
   - Basiese berekeninge, bv. rente op lening/belegging, waardevermindering, ens.
9. **Werk deur soveel <u>ou vraestelle</u> en ander hulpbronne (bv Telematics materiaal) as moontlik. Doen die vrae oor en oor totdat jy verstaan presies wat die vraag vereis(selfs die vrae in hierdie gids)**
10. Werk op jou **EIE** en altyd **TEEN TYD om jou beskikbare eksamentyd goed te kan bestuur.**
11. Let aandagtig op in die klas om seker te maak dat jy die werk verstaan.
12. **Gebruik altyd jou EIE sakrekenaar** om daaraan gewoond te raak. Dit mag jou nie in die eksamenlokaal in die steek laat nie.
13. In die onderwerpe in hierdie gids kan jy 'maklik' punte kry vir basiese kennis (veral Gr 11-kennis) en berekeninge (=, -, x, ÷) HERSIEN dus hierdie onderwerpe deeglik.
14. Die basiese begrippe en berekeninge (aangedui by elke onderwerp in hierdie materiaal) word verduidelik in jou handboek en in die Gr 12 2020 Hersieningspak (uitgereik aan skole en onderwysers in Januarie 2020 en wat die hele jaar se onderwerpe dek).

| Twee-vraestel indeling vir vrae en/of subvrae | | |
|---|---|---|
| ❶ | ❷ | ❶/❷ |
| **Vraestel 1** | **Vraestel 2** | **Kan in albei vraestelle gevra word** |

**Oplossings:**
https://wcedeportal.co.za/eresource/113706

# Toets jou kennis (Pre-Toets)

***(Kyk hoeveel weet jy voor en nadat jy deur die aktiwiteite in hierdie gids gewerk het)***

## VOORRAADWAARDASIE

1. Dui die voorraadwaardasiemetode aan wat in die volgende gevalle van toepassing is:
   1.1 'n Formele aanddrag-ontwerper gebruik gerekenariseerde databasis om die kosprys van elke voorraaditem op rekord te hou.
   1.2 CompTIA Bpk bereken die waarde van hul rekenaars voorhande deur die mees onlangse aankooppryse aan die aantal rekenaars voorhande toe te ken.
   1.3 Die handelsvoorraad voorhande van Sweets-for-All kan nie net op huidige kospryse gebaseer word nie as gevolg van die groot verhogings in pryse.

2 Skryf 'n berekening neer om die aantal items wat uit die winkel verdwyn het te bepaal. (Jy hoef nie bedrae te toon nie.

3 Gee die formule vir:
   3.1 voorraadomsetsnelheid 3.2 % winsgrens **(10)**

## VASTE BATES

1. 'n Maatskappy besit grond en geboue. In die finansiële state word die waarde as R1m getoon, alhoewel die markprys daarvan op R2m geskat word. Die AARP-beginsel ... is van toepassing.
2. Toerusting se drawaarde is gelyk aan: ......(1)............ minus .....(2)................
3. Die basiese uiteensetting van die Vaste bate-nota is: *(toon 'plus (+) of minus (-))*
   Drawaarde (begin vd jaar) ...(1)... Toevoegings ..(2)... Vervreemdings ..(3).. Waardevermindering vir die jaar = Drawaarde (einde van die jaar)
4. Die Vaste bate- ..... is 'n lys van bate-items en word bygehou om elke item se drawaarde te toon. Dit help ook om elke item maklik te identifiseer vir interne beheerdoeleindes. **(7)**

## VERVAARDIGING

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is met 'n kruisie in die toepaslike kolom in die werkboek. SKRYF die onwaar stellings OOR sodat dit waar sal wees.

1.1 Lone aan fabriekskoonmakers is 'n direkte arbeidskoste.
1.2 Afleweringskoste van klaarprodukte aan kleinhandelaars is 'n verkoops- en verspreidingskoste.
1.3 Waardevermindering van kantoortoerusting is administratiewe koste.
1.4 Fabrieksbokoste is direkte kostes.
1.5 Die gelykbreekpunt is die netto wins-bedrag wat 'n fabriek in 'n finansiële jaar toon. **(8)**

## REKONSILIASIES

1. Die Debiteure- ...(1)... se saldo moet dieselfde wees as die totaal van die Debiteure-..(2).. aan die einde van elke maand.
2. Krediteure-versoening behels die vergelyking van die interne Krediteure-..(1).. met die eksterne Krediteure- ..(2)...
3. 'n Bankstaat sal 'n ongunstige banksaldo in die .....-kolom toon. **(5)**

**TOTAAL: 30**

# VOORRAADWAARDASIE

**KEN die volgende oor Voorraadwaardasie**

| | |
|---|---|
| **Basiese begrippe** | Deurlopende- & Periodieke voorraadstelsels \| Waardasiemetodes \| Spesifieke identifikasie \| EIEU Geweegde gemiddelde \| beginvoorraad \| slotvoorraad \| finansiële aanwysers \| winsgrens \| AARP-beginsels \| historiese koste \| omsigtigheid \| Interne voorraadbeheermaatreëls |
| **Berekeninge** | Waarde van slotvoorraad d.m.v. 3 waardasiemetodes \| Koste van verkope \| Bruto wins \| Gesteelde of vermorste items (of randwaarde) \| % winsopslag \| Voorraadomsetsnelheid \| Periode waarvoor daar genoeg voorraad voorhande is (Voorraadhoudingsperiode) |

EC Sep 2019

## AKTIWITEIT 1: VOORRAADWAARDASIE ❷ (35 punte; 25 minute)

Alpha Electronics verkoop televisies. Die besigheid word deur John Fortune besit. Hulle maak gebruik van die GEWEEGDE-GEMIDDELDE-metode vir voorraadwaardasie en gebruik die periodieke voorraadstelsel. Die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2019. Die winsgrens is 25% op kosprys.

### GEVRA:

1.1 Bereken die volgende op 28 Februarie 2019:

1.1.1 Waarde van die eindvoorraad. (10)

1.1.2. Bruto wins vir die jaar. (5)

1.2 Die eienaar en die rekenmeester stem nie saam met die metode van voorraadwaardasie nie. Die rekenmeester wil die EIEU-metode gebruik.

1.2.1 Bereken die waarde van voorraad op 28 Februarie 2019 deur die EIEU-metode te gebruik. (7)

1.2.2 Verduidelik die effek op bruto wins indien die EIEU-metode gebruik word. (2)

1.2.3 As 'n interne ouditeur verduidelik die voordele om die EIEU-metode te gebruik aan die eienaar en die rekenmeester. Noem TWEE punte. (4)

1.3 John Fortune voel dat hy nie die teiken winsopslag% in 2019 kon bereik nie.

- Doen 'n berekening om John se vermoede te bevestig. (3)
- Voorsien TWEE voorstelle wat geïmplementeer kan word om winsgewendheid te verbeter. (4)

### INLIGTING:

**A.** Voorraad van televisiestelle:

| Datum | Besonderhede | Totaal |
|---|---|---|
| 1 Maart 2018 | 49 eenhede | R195 424 |
| 28 Februarie 2019 | 220 eenhede | ? |

**B.** Aankope en terugsendings van televisiestelle gedurende die jaar.

| | Aantal eenhede | Totaal |
|---|---|---|
| **Aankope**: | | |
| Jul 2018 | 200 eenhede @ R4 680 elk | R936 000 |
| Okt 2018 | 388 eenhede @ R5 145 elk | 1 996 260 |
| Jan 2019 | 200 eenhede @ R5 512 elk | 1 102 400 |
| | **788 eenhede in totaal** | **4 034 660** |
| **Terugsendings**: | | |
| 7 eenhede van die Januarie 2019-aankope. | | |

**C.** Verkope vir die jaar, R3 450 300

**35**

NSS Nov 2019

**AKTIWITEIT 2: VOORRAADWAARDASIE** ❷ **(45 punte; 35 minute)**

George Grande is die meerderheidsaandeelhouer en HUB van Grande Bpk. Die maatskappy verskaf kabinette en lampe aan hotelle. Die **periodieke stelsel** word gebruik. Die jaareinde is 30 September 2019.

**GEVRA:**

**KABINETTE**

2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad vir kabinette op 30 September 2019 deur die eerste-in-eerste-uit-metode te gebruik. (6)

2.2 Die maatskappy het in 2019 besluit om die teikenmark uit te brei en om handelskortings toe te staan om verkope te verhoog

2.2.1 Bereken die % winsopslag wat in 2019 behaal is. (4)

2.2.2 Verskaf TWEE punte (met syfers) om te bewys dat hierdie besluit die doelwitte bereik het. (4)

2.2.3 Die HUB voel dat hierdie besluit ook die maatskappy negatief beïnvloed het.

- Verskaf TWEE punte (met syfers) wat sy opinie staaf. (4)
- Gee die direkteure raad om hierdie probleem op te los. Verduidelik TWEE punte. (2)

**LAMPE**

2.3 Bereken die voorraadhoudingsperiode vir lampe (gebruik eindvoorraad). (3)

2.4 George is bekommerd oor die beheer van die lampe. 'n Ondersoek het getoon dat die stoorbestuurder lampe sonder dokumentasie aan plaaslike koshuise verskaf het.

- Bereken die getal lampe wat vermis word. (5)
- Gee TWEE voorstelle om hierdie probleem op te los. (4)

## TELEVISIESTELLE

2.5 Terwyl George gedurende April 2019 in die hospitaal was, het Bruce Swann (die hoof- finansiële beampte) besluit om televisiestelle by hulle produkreeks in te sluit. Hy kon grootmaatkortings op twee TV-stelmodelle, naamlik LYN en KYA, by Roseway kry.

Bereken die waarde van die eindvoorraad van TV-stelle op 30 September 2019 deur die spesifieke identifikasiemetode te gebruik. (7)

2.6 'n Werknemer van Roseway het George ingelig dat Bruce 'n 10%-'kommissie' by Roseway ontvang het vir die koop van oortollige voorraad. George wil dit op die volgende raadsvergadering bespreek.

Verduidelik DRIE verskillende kwellings wat George oor hierdie probleem sal hê. (6)

## INLIGTING:

**A. Voorraadrekords van kabinette en lampe:**

| | KABINETTE | | | LAMPE | |
|---|---|---|---|---|---|
| | EENHEDE | EENHEIDS-PRYS | TOTAAL | EENHEDE | TOTAAL |
| **Voorraadsaldo's** | | | | | |
| 1 Okt. 2018 | 370 | R800 | R296 000 | 600 | R108 000 |
| 30 Sep. 2019 | 280 | | **?** | 265 | R59 625 |
| **Aankope: 2019** | | | | | |
| Januarie | 800 | R920 | R736 000 | 1 200 | R240 000 |
| April | 1 200 | R990 | R1 188 000 | 1 800 | R432 000 |
| Julie | 250 | R1 100 | R275 000 | 800 | R210 000 |
| **Totaal** | **2 250** | | **R2 199 000** | **3 800** | **R882 000** |
| **Terugsendings** | **20** | R1 100 | | | |
| **Verkope** | | | | **3 675** | |
| **Koste v Verkope** | | | | | **R930 375** |

**B. Inligting met betrekking tot kabinette:**

| | 2019 | 2018 |
|---|---|---|
| Verkope | R3 480 000 | R3 375 000 |
| Koste van verkope | R2 170 500 | R1 950 000 |
| Eenhede verkoop | 2 320 | 2 500 |
| Verkoopprys per eenheid | R1 500 | R1 400 |
| % winsopslag behaal | **?** | 73% |
| Klante op rekord | 37 | 26 |

**C. Voorraadrekords van televisiestelle:**

| | MODELLE | EENHEDE | EENHEIDS-PRYS | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| **Aankope** | | | | |
| Mei 2019 | LYN | 800 | R6 000 | R4 800 000 |
| | KYA | 950 | R7 200 | R6 840 000 |
| Julie 2019 | LYN | 500 | R6 000 | R3 000 000 |
| | KYA | 500 | R7 200 | R3 600 000 |
| **TOTAAL** | | **2 750** | | **R18 240 000** |
| **Verkope** | LYN | 430 | R8 400 | R3 612 000 |
| | KYA | 540 | R10 080 | R5 443 200 |

**45**

**PROBLEEMOPLOSSING**

FS Sep 2019

## AKTIWITEIT 3: VOORRAADWAARDASIE ❷ (8 punte; 7 minute)

Ben G Mobiele Handelaars het twee takke in twee verskillende dorpe wat skootrekenaars verkoop. Ben, die eienaar, is bekommerd oor die prestasie van elke tak en het besluit om dit te ondersoek. Inligting van die twee takke vir Maart 2019 is gegee:

**GEVRA:**

3.1 Identifiseer EEN probleem in verband met elke tak. Haal relevante bedrae aan om jou antwoord te ondersteun. Gee in elke geval advies aan Ben om die probleem op te los. (8)

**INLIGTING:**

**A.** Algemene inligting vir beide takke (per maand)

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Gewone tyd** | Maandae tot Vrydae | 8:30–16:30 | 160 ure |
| **Oortyd** | Maandae tot Vrydae | 16:30–18:30 | 40 ure |
| | Saterdae | 9:30–12:30 | 12 ure |
| | **Totaal** | | **52 ure** |

**B.** Oortydsalaris/-lone is 1½ keer die normale tarief.

**C.** Ander inligting:

| | MSB TAK | APB TAK |
|---|---|---|
| Voorraad voorhande (1 Maart 2019) | 80 eenhede | 80 eenhede |
| Verkoopprys per eenheid | R5 800 | R5 800 |
| Eenhede verkoop | 58 | 47 |
| Eenhede deur klante teruggestuur | 3 | 8 |
| Kredietverkope | R191 400 | R104 400 |
| Kontantverkope (kontant gedeponeer) | R120 000 | R121 800 |
| Ure gewerk (gewone tyd) | 156 ure | 120 ure |
| Oortydure | 10 ure | 50 ure |
| Huur uitgawes per maand | R8 000 | R8 000 |

**8**

# VASTE BATES

**KEN die volgende oor Vaste Bates**

| | |
|---|---|
| **Basiese begrippe** | AARP-beginsels \| historiese koste \| omsigtigheid \| paringsbeginsel \| bateverkope \| drawaarde \| waardevermindering \| opgehoopte waardevermindering \| wins/verlies met verkoop van bates \| residu-waarde \| gebruiksleeftyd van bates \| vervangingswaarde |
| **Berekeninge** | waardevermindering teen % kosprys \| waardevermindering teen % drawaarde \| wins OF verlies met verkoop (vervreemding) van 'n bate-item \| Dra- of boekwaarde \| totale aankope (of verkope) van bates in die kontantvloeistaat |

MEED June 2015

## AKTIWITEIT 1 VASTE BATES - beheer en bestuur ❷ (25 punte; 20 minute)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Eastend Winkels vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019. Mike East is die eienaar en Milly West die winkelbestuurder.

**GEVRA:**

1.1 **Verwys na inligting A:**
Stel **Bateverkope-rekening** vir die gesteelde rekenaars op 20 April 2018 op. Sluit die rekening behoorlik af. Toon bewerkings om deelpunte te verdien. (12)

1.2 Toon die dubbelinskrywing wat in die algemene grootboek gemaak is vir die **vervanging** van die rekenaars op 30 April 2018. Dui ook die korrekte bedrag aan. (3)

1.3 Verduidelik hoe 'n **vaste bateregister** die interne ouditeur kan help om vaste bates te beheer. (2)

1.4 Verduidelik waarom 'n vaste bate-item se drawaarde as R1 getoon kan word in die staat van finansiële posisie (balansstaat). (3)

1.5 Een van die kantoorwerkers, Gill, weet dat die versekeringspolis slegs diefstal dek indien daar bewyse van geforseerde toegang was. Sy het ook gesien dat Mike die sekuriteitshek van die kantoor gebreek het om die indruk te skep dat daar geforseerde toegang was. Gill is nie seker of Milly hiervan weet nie. Watter raad sal jy aan Gill gee? (3)

1.6 Mike wil 'n deel van hul perseel verkoop teen kosprys om hul kontantvloeiprobleme op te los. Milly stem nie hieroor met hom saam nie. Gee een rede waarom jy Milly in hierdie verband sal ondersteun. (2)

**INLIGTING:**

**A. Toerusting en vervreemdings**

Toerusting sluit rekenaars in wat in die kantoor gebruik word. Ses kantoorrekenaars is op 20 April 2018 gesteel. Hierdie 6 rekenaars was oorspronklik aangekoop teen R13 200 elk. Sosure, die versekerings-maatskappy, het R5 000 per rekenaar uitbetaal. Die ses gesteelde rekenaars is op 30 April 2018 met nuwes vervang, op krediet aangekoop van Office Smart teen R8 000 elk.

**B. Vaste/Tasbare Bates-nota vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018**

| Vaste/Tasbare Bates | Grond en Geboue | Toerusting |
|---|---|---|
| **Drawaarde** (1 Maart 2018) | **1 200 000** | **630 000** |
| Kosprys | 1 200 000 | 980 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | | (350 000) |
| **Bewegings:** | **(700 000)** | **19 560** |
| Toevoegings | | 240 000 |
| Vervreemdings teen drawaarde | (700 000) | (63 360) |
| Waardevermindering | | (157 080) |
| **Drawaarde** (28 Februarie 2019) | **500 000** | **649 560** |
| Kosprys | 500 000 | 1 140 800 |
| Opgehoopte waardevermindering | | (491 240) |

**25**

**Uittreksel uit 'n Fin. State-vraag**

FS Sept 2019

## AKTIWITEIT 2: VASTE BATES ❶ (17 punte; 13 minute)

Jy word voorsien van inligting uit die boeke van Moonlight Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2019.

**GEVRA:**

2.1 Bereken die wins of verlies op verkope van die rekenaar op 31 Augustus 2018. (6)

2.2 Bereken die totale waardevermindering vir die jaar. (9)

2.3 Stel EEN interne kontrolemaatreël voor wat die interne ouditeur kan uitvoer om die tasbare/vaste bates se bedrag in die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) te verifieer. (2)

**INLIGTING:**

**A.** Die volgende saldo's/totale verskyn onder andere in die boeke op 28 Februarie 2019:

| | R |
|---|---|
| Voertuie | 1 520 000 |
| Toerusting | 660 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1 Maart 2018) | 484 500 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Maart 2018) | 178 000 |

**B. Sommige aansuiweringe en addisionele inligting**

**Voertuie**

- Ingesluit by die Voertuierekening is R950 000 vir 'n afleweringsvoertuig wat op 1 Desember 2018 aangekoop is.
- Voertuie se waarde word teen 20% p.j. op kosprys afgeskryf.

**Toerusting**

- Een van die direkteure, Paul Cluver, het op 31 Augustus 2018, 'n rekenaar vir persoonlike gebruik oorgeneem vir R8 000 kontant. Die betrokke bladsy van die vastebateregister word hieronder voorsien. Geen inskrywings is met betrekking tot die verkope van hierdie bate gemaak nie.
- Waardevermindering op toerusting word teen 20% p.j. op die verminderde saldo-metode afgeskryf.

| **VASTEBATEREGISTER** | | **(Bladsy 22)** |
|---|---|---|
| *Item: Aider rekenaar*<br>*Datum aangekoop: 1 Junie 2015*<br>*Waardeverminderingsbeleid: 20% op verminderde saldo* | | *Kosprys: R30 000* |
| **DATUM** | **HUIDIGE WAARDEVERMINDERING** | **OPGEHOOPTE WAARDE-VERMINDERING** |
| 28 Februarie 2016 | R4 500 | R4 500 |
| 28 Februarie 2017 | R5 100 | R9 600 |
| 28 Februarie 2018 | R4 080 | R13 680 |
| 31 Augustus 2018 | ? | ? |

**17**

**Uit 'n Kontantvloeistaat-vraag**

FS Sep 2019

## AKTIWITEIT 3: VASTE BATES ❶ (6 punte; 5 minute)

**PHILA BPK**

Jy word voorsien van inligting in verband met Phila Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2019. Die maatskappy is met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 2 000 000 gewone aandele geregistreer.

**GEVRA:**

**3.1** Bereken die koste van nuwe afleweringsvoertuie aangekoop soos in die Kontantvloeistaat getoon. (6)

**INLIGTING:**

**A Inligting uit die Inkomstestaat vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart:**

| | **2019** | **2018** |
|---|---|---|
| Netto wins voor belasting | 1 240 000 | 931 000 |
| Netto wins na belasting | 892 800 | 651 700 |
| Rente op lening | 211 000 | |
| Waardevermindering | 425 000 | |

**B Uittreksel it die Balansstaat op 31 Maart:**

| | 2019 | 2018 |
|---|---|---|
| Vaste Bates | 10 152 700 | 7 915 400 |
| Vaste deposito: SSB BANK | 250 000 | 400 000 |
| Aandeelhouersekwiteit (-belang) | 9 209 000 | 6 458 200 |

**C Vaste Bates**

- Ou toerusting ter waarde van R389 500 is teen drawaarde verkoop.
- Uitbreidings aan grond en geboue beloop R2 250 000 en is gedurende die finansiële jaar voltooi.
- Addisionele afleweringsvoertuie is ook aangekoop.

**6**

**Uit 'n Staat van Fin. Posisie-vraag**

**Ken Bateverkope-formaat en waardevermindering-berekeninge**

NSS Nov 2019

## AKTIWITEIT 4: VASTE BATES ➊ (11 punte; 8 minute)

**VISIV BPK**

Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2019 geëindig.

**GEVRA:**

4.1 Bereken:

- Bedrae vir **(i)** en **(ii)** in die Vastebateregister (5)
- Wins/Verlies met verkoop van bate (2)
- Drawaarde van Vaste bates op 28 Februarie 2019 (4)

**INLIGTING:**

**A. Vaste Bates:**

'n Afleweringsvoertuig is op 31 Oktober 2018 verkoop, maar geen inskrywings is gemaak om hierdie transaksie te boekstaaf nie.

Besonderhede van voertuig wat verkoop is:

**Afleweringsvoertuig X43**
**Datum aangekoop:** 1 Maart 2016
**Datum verkoop:** 31 Oktober 2018 **Verkoop vir:** R195 000 (kontant)
**Waardeverminderingkoers:** 25% p.j. (verminderde saldo-metode)

| | KOSPRYS | WAARDEVER-MINDERING | DRA-WAARDE |
|---|---|---|---|
| 28 Februarie 2017 | R400 000 | R100 000 | R300 000 |
| 28 Februarie 2018 | | 75 000 | 225 000 |
| 31 Oktober 2018 | | **(i)** | **(ii)** |

**B. Lys van saldo's/totale op 28 Februarie 2019**

| | |
|---|---|
| Gewone aandelekapitaal | R8 152 000 |
| Behoue inkomste (1 Maart 2018) | 865 300 |
| Vaste bates (drawaarde) | 10 190 000 |

**11**

***Onderverseker:***
Bate(s) is vir *minder* as boekwaarde verseker en sal pro-rata vir skade vergoed word *bv 10% onderverseker = 90% vergoeding*

Gr 11-vraestel

**AKTIWITEIT 5: VASTE BATES** ❷ **(23 punte; (18 minute)**

'n Afleweringsvoertuig van Universal Handelaars is op 1 September 2019 gesteel. Volgens die maandelikse premie op versekering blyk dit dat Universal Handelaars 10% onderverseker is. Hul finansiële jaar eindig jaarliks op 28 Februarie.

**GEVRA:**

5.1 Voltooi die bateregisterbladsy om die voertuig uit die boeke te haal. (sien die bladsy in die Werkboek) (16)

5.2 Bereken die bedrag wat die versekeraars gaan uitbetaal. (3)

5.3 Noem twee sekuriteitsmaatreëls wat Universal Handelaars kan instel om diefstal te voorkom. (4)

**23**

# VERVAARDIGING (Koste-rekeningkunde)

**KEN die volgende oor Vaste Bates**

| | |
|---|---|
| **Basiese begrippe** | Direkte materiaalkoste (DMK) \| Direkte arbeidskoste (DAK) \| Fabrieksbokoste (FBK) \| eenheidskoste \| indirekte kostes \| vaste koste \| veranderlike koste \| administratiewe koste \| verkoops- en verspreidingskoste \| klaarprodukte \| goedere-in-bewerking \| totale produksiekoste gelykbreekpunt \| Produksiekostestaat \| Verkorte Inkomstestaat |
| **Berekeninge** | DMK \| DMK per eenheid \| DAK \| DAK per eenheid \| Fabrieksbokoste (of Indirekte koste) \| totale koste van produksie (= Koste van verkope) \| gelykbreekpunt (GBP) |

NSS Nov 2019

## AKTIWITEIT 1: VERVAARDIGING ❷ (40 punte; 30 minute)

Sihle Sangweni besit twee afsonderlike fabrieke wat produkte vervaardig volgens bestellings ontvang. Daar is geen goedere-in-bewerkingvoorraad nie. Die jaareinde is 28 Februarie.

1.1 **LESSENAARFABRIEK**

**GEVRA:**

1.1.1 Stel die Fabrieksbokoste-nota op. (8)

1.1.2 Bereken die totale koste van produksie van klaarprodukte. (6)

1.1.3 Sihle wil 'n bykomende 1 500 lessenaars vervaardig, terwyl die verkoopprys en koste gehandhaaf word. Bereken die bykomende wins wat hy kan verwag. (6)

1.2 **STOELFABRIEK**

**GEVRA:**

1.2.1 Verskaf 'n berekening om die gelykbreekpunt vir 2019 te bevestig. (4)

1.2.2 Lewer kommentaar op die gelykbreekpunt en die produksievlak bereik. Haal syfers aan. (4)

1.2.3 Grondstowwe bestaan slegs uit hout. Die koste in 2019 is R120 per vierkante meter ($m^2$) en 1,2 $m^2$ hout is nodig om een stoel te maak.

Gedurende die jaar is 22 000 $m^2$ hout na die fabriek versend. Sihle voel dat die houtgrondstof nie goed beheer is nie.

- Verskaf 'n berekening om sy mening te staaf. (4)
- Identifiseer TWEE moontlike oorsake van hierdie probleem. Verskaf 'n oplossing vir ELK. (4)

1.2.4 Gee TWEE redes vir die toename in direkte arbeidskoste. Verskaf 'n oplossing vir ELK. Neem kennis dat lone en salarisse met 5% in die huidige finansiële jaar verhoog het. (4)

**INLIGTING:**

**A. LESSENAARFABRIEK**

**Uittreksel uit vooraansuiweringsbedrae op 28 Februarie 2019**

| | R |
|---|---|
| Indirekte arbeid | 296 500 |
| Waardevermindering van fabrieksaanleg | 166 000 |
| Advertensies | 24 500 |
| Water en elektrisiteit | 248 000 |
| Huuruitgawe | 345 600 |
| Versekering aan verkoopsafdeling toegeken | 12 600 |
| Fabriek diverse uitgawes | 107 700 |

**Aansuiwerings op fabrieksbokoste vir lessenaar:**

- Water en elektrisiteit vir Februarie 2019, R18 000, moet in berekening gebring word. 80% word aan die fabriek toegeken. Die balans is 'n administrasiekoste.
- Huur moet volgens vloeroppervlakte toegeken word:
  Fabriek: 810 $m^2$ Kantoor: 180 $m^2$ Verkoopsafdeling: 90 $m^2$
- 75% van versekering moet aan die fabriek toegeken word. Die balans is op die verkoopsafdeling van toepassing.

**B. INLIGTING VIR BEIDE FABRIEKE**

| KOSTE | | LESSENAARS 2019 | | STOELE (Eenheidskoste) | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | Bedrag | Per eenheid | 2019 | 2018 |
| Veranderlike | Direkte materiaal | R3 060 000 | R340 | R165 | R124 |
| | Direkte arbeid | ? | R160 | R90 | R70 |
| | Verkoop-en-verspreiding | R720 000 | R80 | R50 | R60 |
| | Totale veranderlike koste | | R580 | R305 | R250 |
| Vaste | Fabrieksbokoste | | | R76 | R75 |
| | Administrasie | R360 000 | R40 | R20 | R18 |

| VERKOOPPRYSE | | | |
|---|---|---|---|
| Per eenheid | R750 | R390 | R370 |

| EENHEDE | | | |
|---|---|---|---|
| Vervaardig en verkoop | 9 000 | 16 000 | 15 000 |
| Gelykbreekpunt | 8 471 | 18 071 | 12 400 |

**40**

FS Sep 2019

## AKTIWITEIT 2: VERVAARDIGING ❷ (40 punte; 30 minute)

**2.1 NGUBENI VERVAARDIGERS**

Die onderneming vervaardig komberse. Die finansiële jaar eindig 30 Junie 2019.

**GEVRA:**

2.1.1 Bereken die direkte materiaalkoste (7)

2.1.2 Voltooi die nota vir fabrieksbokoste (15)

2.1.3 Berei die Produksiekostestaat soos op 30 Junie 2019 voor. (8)

**INLIGTING:**

**A. Voorraad voorhande:**

| | 30 Junie 2019 | 1 Julie 2018 |
|---|---|---|
| Goedere-in- bewerking | ? | R181 410 |

**B. Grondstowwe (fabriek ):**

| | TOTALE BEDRAG R |
|---|---|
| Voorraad op 1 Julie 2018 | 72 500 |
| Aankope: | **1 618 300** |
| 24 Augustus 2018 | 530 000 |
| 15 Desember 2018 | 405 300 |
| 26 Junie 2019 | 683 000 |
| **Terugsendings:** | **17 000** |
| Voorraad op 30 Junie 2019 | 52 700 |

**C.** Die volgende items is voor die onderstaande aansuiwerings bereken:

- Direkte arbeidskoste R465 000
- Fabrieksbokoste R536 025

**D.** Die volgende items is nie in berekening gebring toe die fabrieksbokoste bereken is nie:

| | R |
|---|---|
| Skoonmaakmateriaal | 28 800 |
| Water en elektrisiteit | 46 000 |
| Huur uitgawe | 126 500 |

- Die fabriek gebruik twee keer soveel skoonmaakmateriaal as die verkoopsdepartement.
- 75% van water en elektrisiteit hou verband met die fabriek. Die verskil word deur die verkoops- en administratiewe departement gebruik.
- Huur is nie gedurende die huidige finansiële jaar verhoog nie. Huur vir Junie 2019 is nog nie betaal nie. Die huur word volgens vloeroppervlak bereken in die verhouding 3:1:2 vir die fabriek, verkope en kantoor onderskeidelik.
- Salarisse en lone van fabriekswerkers:

| | Fabrieksvoorman | Skoonmaakpersoneel |
|---|---|---|
| **Aantal werkers** | 1 | 3 |
| **Basiese salaris/loon per werknemer** | R15 200 per maand | R975 per week, betaal vir die hele jaar |
| **Jaarlikse bonus** | 13$^{de}$ maand salaris, betaalbaar in Desember | 20% van die basiese lone |

Bostaande bedrae sluit alle werkgewersbydraes in.

**E.** Die onderneming vervaardig 12 950 komberse teen 'n eenheidskoste van R245.

2.2 **FRAGILE VERVAARDIGERS**

Fragile Vervaardigers vervaardig keramiek vloerteëls (elke boks bevat 15 teëls).

**GEVRA:**

2.2.1 Verduidelik aan die eienaar waarom dit belangrik is om die gelykbreekpunt elke jaar te bereken. Gee TWEE redes. (4)

2.2.2 Toon berekeninge om aan te toon dat die gelykbreekpunt van 1 912 eenhede op 28 Februarie 2019 korrek bereken. (3)

2.2.3 Verduidelik waarom Zonke nie bekommerd hoef te wees oor die gelykbreekpunt vir 2019 nie. Haal bedrae aan om jou antwoord te ondersteun. (3)

**INLIGTING OP 28 FEBRUARIE:**

| | 2019 | | 2018 |
|---|---|---|---|
| | **TOTALE KOSTE** | **PER EENHEID** | **PER EENHEID** |
| Totale vaste koste | R219 880 | R54,97 | R52,50 |
| Totale veranderlike koste | R240 000 | R60,00 | R50,00 |
| Verkoopprys per boks | R175,00 | | R140,00 |
| Aantal bokse vervaardig en verkoop | 4 000 eenhede | | 3 000 eenhede |
| Gelykbreekpunt | 1 912 eenhede | | 1 750 eenhede |

**40**

GP Sep 2019 Q2

## AKTIWITEIT 3 VERVAARDIGING ❷ (25 punte; 20 minute)

**KLEMISH VERVAARDIGERS**

Die besigheid vervaardig studeertafels.

**GEVRA:**

Stel die volgende vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2019, op:

3.1 Produksiekostestaat (13)

3.2 Verkorte Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) (12)

**INLIGTING:**

**A Voorraad voorhande:**

| | 28 Februarie 2019 | 28 Februarie 2018 |
|---|---|---|
| Goedere-in-bewerking | ? | R500 800 |
| Voltooide voorraad | R18 000 | R672 000 |

**B**
- 10 800 tafels is vervaardig teen 'n eenheidskoste van R495 elk.
- Verkope van 16 000 tafels beloop R8 160 000.

**C** Primêre koste: R4 600 000 (na aansuiwerings)

**D** Die boekhouer het die bedrae voorsien voordat die aansuiwerings hieronder in ag geneem is:

| | |
|---|---|
| Administrasie | R296 800 |
| Fabrieksbokoste | R974 400 |
| Direkte materiaal | R3 100 000 |
| Direkte arbeid | ? |
| Verkoop en verspreiding | R844 000 |

- 'n Bedrag van R204 000 vir grondstowwe op krediet aangekoop is, is nie in ag geneem nie.
- Skryfbehoeftes ter waarde van R1 000, aangekoop vir die Administratiewe departement, is verkeerdelik toegewys aan die Verkoop- en verspreidingsdepartement.
- Huuruitgawe, R252 000, is verdeel tussen die Fabriek en die Verkoop- en Verspreidingsdepartement in die verhouding 2:1. 85% moes egter aan die Fabriek toegedeel gewees het. Herstel die fout.

**25**

# VERSOENINGS (REKONSILIASIES)

**KEN die volgende oor Versoeningings**

| | |
|---|---|
| **Basiese begrippe** | Debiteurekontrolerekening \| debiteurelys \| debiteure-ouderdomsontleding \| kredietterme \| kredietlimiet lopend \| korting toegestaan \| oninbare skulde \| oninbare skulde ingevorder \| Krediteurekontrole-rekening \| Krediteurelys \| Krediteuremaandstaat \| korting ontvang \| handelskorting \| terugsendings (ontvang of gestuur) \| bankversoeningstaat \| oortrokke bank \| gunstige- of ongunstige banksaldo EFO \| aftrekorder \| debietorder \| direkte deposito's \| rente op lopende rekening \| rente op oortrokke bank \| bankstaat |
| **Berekeninge** | Rente op agterstallige debiteure of krediteurerekeninge \| pro-rata bedrag ontvang (of afgeskryf) uit insolvente boedels \| balanserende bedrag in 'n Bankversoeningstaat \| Eindsaldo's vir Bank, Debiteure- en/of Krediteurekontrole |

## DEBITEURE

MEED Junie 2015

**AKTIWITEIT 1** **Debiteure / Krediteure-versoenings** ❷ **(25 punte, 20 minute)**

Die Debiteure-ouderdomsontleding en Krediteurelys is geneem uit die boeke van Nissen Handelaars op 31 Mei 2019, die einde van hul finansiële jaar.

**GEVRA:**

1.1 Dui die saldo van die Debiteurekontrolerekening op 31 Mei 2019 aan. (2)

1.2 Watter debiteur in die ouderdomsanalise mag korting ontvang? Motiveer jou antwoord met een rede. (3)

1.3 Verduidelik die term '*Kredietlimiet*' wat in die ouderdomsanalise gebruik word. (2)

1.4 S. Solly en P. Peter hou nie by die debiteure se kredietterme nie. Maak 'n voorstel vir een interne beheermaatreël om dit aan te spreek. (2)

1.5 Die Voorsiening vir Oninbare skulde-rekening toon 'n kredietsaldo van R1 400 op 1 Junie 2018. Voorsiening vir Oninbare skulde moet tot 5% van die debiteure aangepas word. Bereken die bedrag vir Voorsiening vir Oninbare skulde op 31 Mei 2019. (3)

1.6 Teken die volgende foute en weglatings direk in die Krediteurelys aan.
Toon bewerkings tussen hakies in die krediteurelys om deelpunte te verdien. (9)

- Beskadigde goedere is aan Mjila Groothandelaars teruggestuur, R850
- 'n Faktuur vir goedere op krediet aangekoop van Stan Winkels is nog nie opgeteken nie, R1 260.
- n Betaling van R3 000 is aan Mjila Groothandelaars gemaak. Kontantkorting van 3% is op hierdie betaling ontvang. Geen inskrywings is gemaak nie.
- Goedere, nie volgens die bestelling nie, is teruggestuur aan Stan Winkels, R280. Dit is as kredietaankope in die Krediteure grootboekrekening ingeskryf.

1.7 Wat is jou mening oor die kredietterme wat Nissen Handelaars aan hul debiteure gee met betrekking tot die terme wat hulle toegelaat word deur hul krediteure? Maak een aanbeveling in hierdie verband. (4)

**INLIGTING**

**A. Debiteure**

- Debiteure is geregtig op 2% korting as hulle hul rekeninge binne 30 dae vereffen.
- Debiteure word gewoonlik toegelaat om hul rekeninge binne 60 dae te betaal.
- Nissen Handelaars betaal krediteure binne 30 dae om vir 3% kontantkorting in aanmerking te kom.

| **Debiteure-ouderdomsanalise op 31 Mei 2019** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Debiteur** | **Kredietlimiet** | **TOTAAL** | **1-30 dae** | **31-60 dae** | **61-90 dae** | **90+ dae** |
| S.Solly | R4 000 | R14 000 | 3 000 | 8 000 | 2 000 | 1 000 |
| V. Veejay | R5 000 | R 2 500 | 2 500 | | | |
| P. Peter | R3 000 | R 8 000 | 4 000 | | | 4 000 |
| | | **R24 500** | **R9 500** | **R8 000** | **R2 000** | **R5 000** |

**B. Krediteure**

| **Krediteurelys op 31 Mei 2019** | |
|---|---|
| Mjila Groothandelaars | R5 450 |
| Stan Winkels | R2 800 |

**25**

# KREDITEUREVERSOENING

FS Sep 2019

**AKTIWITEIT 2: KREDITEUREVERSOENING** ❷ **(20 punte; 15 minute)**

Die onderstaande inligting het betrekking op Busby Winkels vir September 2018.

**GEVRA:**

2.1 Gee TWEE redes waarom dit belangrik vir 'n onderneming is om elke maand die Krediteureversoeningstaat voor te berei. (4)

2.2 Bereken die korrekte Krediteurekontrolerekeningsaldo, nadat die betrokke foute en weglatings in ag geneem is. (6)

2.3 Bereken die korrekte saldo's vir krediteure Zebo Verskaffers en Leo Groothandelaars, deur die foute en weglatings in ag te neem. (10)

**INLIGTING**

**A** Saldo's en totale op 30 September 2018 (voor foute en weglatings)

| | |
|---|---|
| Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek | R87 690 |
| Krediteurelys: (voor foute en weglatings) | |
| Zebo Verskaffers | R16 580 |
| Leo Groothandelaars | R29 520 |

**B FOUTE EN WEGLATINGS**

(a) Die Krediteurekontrole is met R5 020 te min opgetel.

(b) 'n Kredietfaktuur vir handelsvoorraad op 28 September 2018 van Zebo Verskaffers vir R12 800 aangekoop, is glad nie geboekstaaf nie.

(c) 'n Betaling van R3 150 aan Leo Groothandelaars is oorgeboek as 'n faktuur in die Krediteuregrootboek. Die KBJ was korrek.

(d) 'n Debietnota van R1 280 vir goedere aan Zebo Verskaffers teruggestuur, is foutiewelik in die Krediteurejoernaal geboekstaaf en dienooreenkomstig na die Algemene Grootboek oorgeboek. Oorboeking na die Krediteuregrootboek is korrek gedoen vanaf die dokument.

(e) BTW van R1 720 is van 'n faktuur vanaf Zebo Verskaffers uitgelaat.

(f) Toerusting op krediet aangekoop van Blackwood Vervaardigers, R4 900, is foutiewelik na die rekening van Leo Groothandelaars oorgeboek.

(g) 'n Faktuur vir R3 575 van Zebo Verskaffers is foutiewelik as R3 375 oorgeboek na hulle rekening in die Krediteure-grootboek.

**20**

GP Sep 2019

## AKTIWITEIT 3: KREDITEUREVERSOENING ❷ (9 punte; 7 minute)

Die inligting het betrekking tot Kirsten Handelaars vir Augustus 2019. Kirsten Handelaars koop goedere op krediet van Amla Voorsieners.

**GEVRA:**

Gebruik die tabel wat voorsien is om die nodige veranderinge aan te dui:

- In die Krediteuregrootboekrekening in die boeke van Kirsten Handelaars
- In die Krediteurerekonsiliasiestaat op 31 Augustus 2019 (9)

**INLIGTING:**

Na 'n vergelyking van die rekening in die Krediteure Grootboek met die rekeningstaat soos ontvang van Amla Voorsieners, is die volgende verskille waargeneem:

A 'n Faktuur vir R14 800 is verkeerdelik geboekstaaf as R1 480 op die rekeningstaat soos ontvang van die krediteur.

B Die boekhouer van Kirsten Handelaars het 'n faktuur vir R1 350 as 'n kredietnota geboekstaaf.

C Korting van R850 is foutiewelik met R350 te veel geboekstaaf in die Krediteure Grootboek.

D 'n Betaling vir R7 200 deur Kirsten Handelaars verskyn nie op die rekeningstaat nie, omdat die rekeningstaat voor die betaaldatum uitgereik is.

E Goedere vir R2 700 teruggestuur deur Kirsten Handelaars is nie aangeteken nie.

**9**

# BANKVERSOENING (-REKONSILIASIE)

NSS Nov 2019

## AKTIWITEIT 4 BANKVERSOENING ❷ (30 punte, 20 minute)

Die inligting het betrekking op Klonex Handelaars.

**GEVRA:**

4.1 Die eienaar, Ben Joseph, kom agter dat meer mense EFO's (elektroniese fondsoordragte) gebruik.

4.1.1 Noem DRIE voordele van EFO's. (3)

4.1.2 Janet, die boekhouer, het die taak gekry om alle EFO's te verwerk en te beheer. Verduidelik TWEE redes waarom die interne ouditeur hieroor bekommerd is. (4)

4.2 Toon veranderinge in die Kontantjoernale vir Junie 2019. (11)

4.3 Bereken die korrekte Bankrekeningsaldo op 30 Junie 2019. (4)

4.4 Stel die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2019 op. (8)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel: Bankversoeningstaat op 31 Me 2019**

| | | |
|---|---|---|
| **Uitstaande deposito** | | R9 500 |
| **Uitstaande betalings /EFOs** | | |
| **Nr.** | **Datum** | |
| 516 | 28 Mei 2019 | R7 950 |
| **Gunstige Bankrekeningsaldo** | | **R9 200** |

**LET WEL:**

- Die uitstaande deposito het op die Junie-bankstaat verskyn.
- EFT 516 het op die Junie-bankstaat met die korrekte bedrag van R5 950 verskyn.

**B. Voorlopige totale in die Kontantjoernale op 30 Junie 2019 voordat die Bankstaat ontvang is:**

Kontantontvangstejoernaal: R27 470
Kontantbetalingsjoernaal: R32 400

**C. Inskrywings in die Kontantjoernale wat NIE op Junie se bankstaat verskyn NIE:**

- Deposito, R9 675
- EFO 614 (30 Junie 2019), R3 800
- EFO 617 (2 Augustus 2019), R4 580

**D. Inskrywings op die Junie 2019-bankstaat maar NIE in die Kontantjoernale NIE:**

| DATUM | BESONDERHEDE | R |
|---|---|---|
| 15 | Debietorder: Micro Versekeraars * | 1 125 |
| | Debietorder: Micro Versekeraars * | 1 125 |
| 25 | M Malan (EFO vanaf huurder) | 2 800 |
| 30 | Rente-inkomste | 130 |
| 30 | Diensgelde | 175 |

***** Versekering het foutiewelik twee keer verskyn en sal volgende maand reggestel word.

**E.** Bankstaatsaldo op 30 Junie 2019: …?

**30**